# DIE KRAT

252

November 2022



UIT DIE VOORSITTER SE PEN bl. 2

DIE DRUK OP DIE GANS WAT DIE GOUE EIERS MOET LÊ bl. 3

THE TRENDS OF DECIDUOUS FRUIT EXPORTS FROM 2018 TO 2021 bl.7

HUIDIGE PRODUKSIE & INSETKOSTES bl. 8

OESPROJEKSIE VIR DIE 2022/2023 SEISOEN bl.10

’N TOEGEWYDE DIENAAR VAN DIE VRUGTEBEDRYF SKAAL AF bl.12

THE CULDEVCO REJUVENATION bl.13

HOE MAAK ONS BESIGHEID SIN UIT AL DIE PERSPEKTIEWE EN VERONTRUSTENDE REALITEITE bl. 15

# UIT DIE VOORSITTER SE PEN

ANTHONY DICEY



Dit voel vir my of die afgelope jaar verskriklik vinnig verby gevlieg het, en dit is seker toe te skryf aan die feit dat dit 'n baie besige jaar in ons bedryf was.

'n Jaar wat gekenmerk is deur goeie oeste aan produsente kant en wat vir 'n gedeelte van ons produsentekorps goeie finansiële resultate gelewer het. Die res van die produsente was soos 'n swaan – bo die water sierlik en kalm terwyl dit onder die water 'n gespartel van voete is.

Met 'n afkondiging dat die grootste inmaakfabriek sy deure gaan sluit het die gespartel toegeneem onder alle rolspelers in die bedryf, vanaf regerings-, provinsiale en munisipale vlak tot arbeid, georganiseerde landbou, besigheidsorganisasies en individue wat almal 'n bydrae wou maak in 'n poging om hierdie sluiting te keer. Hierdie krisis het veroorsaak dat talle mense ingespring het om die situasie te beredder en waarvoor ons as produsente dankbaar is. Die paadjie wat ons volg het baie hindernisse en die wenstreep is nog nie oorgesteek nie, maar ek glo dat dit wel bereik sal word. Dit is 'n feit dat produsente op die oomblik met alle bedryfsvertakkings druk ervaar ten opsigte van insetkoste, infrastruktuur en vele ander terreine, so ons het beslis 'n verligting van hierdie druk nodig.

Krediet moet gegee word aan almal wat wel die afgelope jaar goed presteer het. Uit die aard van die saak sal die huidige situasie op almal in ons bedryf 'n invloed hê en kan dit maklik uitgebuit word. As produsente sal ons aanpasbaar moet wees en sekere veranderinge te wagte moet wees as die speelveld nie vir die twee inmaakfabrieke gelyk is nie. Die volhoubaarheid van die inmaakbedryf is beslis op 'n mespunt gebalanseer en vra vir verantwoordelike optrede deur alle betrokkenes.

Graag wil ek alle produsente en rolspelers in ons bedryf 'n geseënde en voorspoedige 2022/ 2023 oes toewens. Mag ons oor 'n jaar met dankbaarheid terugkyk.

# DIE DRUK OP DIE GANS WAT DIE ~~GOUE~~ EIERS MOET LÊ

JACQUES JORDAAN



Die landbou verwerking sektor gaan deur uitdagende tye en dit is belangrik dat die produsent hom voordurend vergewis van die impak van nasionale en internasionale gebeure op die sektor sodat hy sy risikos beter kan bestuur. Met die onlangse onstabiliteit op die internasionale verhoog het dit net weer duidelik geraak hoe afhanklike ons van ingevoerde insette is as deel van die produksiekostes. Onvoorsiene gebeure soos Covid-19 en die Russiese inval van die Oekraïne beproef die wêreld se logistieke kettings tot die breekpunt en ten spyte van die betekenisvolle stygings in die pryse van kommoditeite, is dit onwaarskynlik is dat die koopkrag van die verbruiker al hierdie verhogings sal kan absorbeer.

Onder hierdie hoë inflasionêre omstandighede, lae groei vooruitsigte en onvoorsiene geo-politiese insidente is die eerste neiging gewoonlik om die kostes van die gans wat die eiers moet lê te gaan verhaal (gewoonlik die primêre produsent). Die voedsel- & drank vervaardiging sektor maak ongeveer 25% van Suid-Afrika se totale vervaardiging sektor uit. Saam maak vleis, vis, vrugte en olie weer sowat 29% uit van die landbou vervaardiging sektor. Dit was primêre lanbou en hierdie vervaardigingsbedrywe wat tydens die Covid-19 pandemie die land deur die drif getrek het met minimale werksverliese. Dit sou nie die laaste wees nie.




Die sagtevrugte bedryf was net besig om na Covid sy voete te vind toe die Russiese inval van die Oekraïne nie net die waardekettings nie maar ook die uitvoermarkte 'n nekslag toedien. Waar van die groter lande ekonomiese stimuleringspakkete gebruik het om hulle ekonomieë aan die gang te kry het dit eintlik die sisteem net onder meer druk geplaas. Die gevolg was 'n toename in die opeenhoping van produkte in hawens, vraghouer tekorte, drastiese toename in agterstande vir verskeping en verdere stygings in verskepingskostes.

Gewoonlik is dit die primêre produsent wat die grootste risiko's dra, maar vanjaar was die waarde van 'n gesonde verwerkingsektor baie duidelik. Uit die onlangs gepubliseerde BFAP Baseline Report is dit duidelik dat 'n mens geneig is om jou te misgis oor hoeveel persent van vrugte in prosessering aangewend word. In die onderstaande tabel word hierdie syfers weergegee vir die afgelope drie jaar.


| Vrugsoort | Prosessering: % aanwending (2019-2021) |
|---|---|
| Appelkose | 67% |
| Perskes & Nektarines | 61% |
| Pere | 36% |
| Appels | 34% |
| Pomelos | 30% |
| Suurlemoene | 26% |
| Lemoene | 21% |
| Bloubessies | 16% |
| Sagte sitrus | 14% |

Hoewel die Suid-Afrikaanse verwerkingsektor gans nie noodwendig goue eiers lê nie, sorg hy vir kos op die tafel en speel dit ‘n onmisbare rol in die Suid-Afrikaanse sagtevrugte bedryf.


**SUID-AFRIKAANSE INMAAKVRUGTE EN PRESERVERING BEDRYF**

Sowat 85% van die SA inmaak en preserveringsbedryf is op uitvoer gefokus. Gedurende 2021 het hierdie bedryf waarde van ongeveer R8 biljoen toegevoeg. Hierdie produkte word internasionaal hoog aangeskryf as gevolg van hul uitsonderlike kleur, tekstuur en geur. Hierdie inherente eienskappe gee aan ons ‘n kompeterende voordeel in die markplek. Die waarde wat produsent kan toevoeg is om te fokus op kwaliteit en produksie.

Dit is egter nie net Suid-Afrika se kwaliteit wat uitstaan nie. Ons is ook produksiegewys onder die top 5 lande in die wêreld.



Verder gee ons gunstige klimaat nie net goeie kwaliteit en produksie nie, dit gee ook meer konstante oeste. Vir die internasionale kopers behoort die vermoë van Suid-Afrika om konstante volumes te lewer 'n riem onder die hart te wees. Hoewel klimaatsverandering 'n internasionale fenomeen is, is die Suid-Afrikaanse taaipitperkse produksie baie meer konstant as sy grootste kompeteerders. In die onderstaande grafiek word Suid-Afrika se totale taaipitperske produksie vir die afgelope 11 jaar teenoor Griekeland en Kalifornië voorgestel.




**'N PAAR TENDENSE:**

**Wat sê die Grieke**

Die enkele grootste uitdaging vir Griekse produsente is die beskikbaar en bekostigbaarheid van arbeid. Vrugte kan nie voldoende uitgedun word nie met die gevolg dat daar nie voldoende vruggroote behaal word nie en meer vrugte na sap gekanaliseer word. Die veranderende klimaatsomstandighede het ook 'n geweldige invloed op Griekse produsente se vermoë om te produseer en meeste produsente is deel van 'n nasionale oesversekering skema. Hulle skat dat sowat 20 000 ha onder taaipitperkes geplant is en dit is nie ongewoon vir 'n "canner" om 900 – 1000 produsente te hê nie. Sowat 95% van produsente se boerdery eenhede is kleiner as 10ha. Toegang tot finansiering, kunsmis, spuitstowwe, diesel en selfs administratiewe vereistes soos GLOBALG.A.P is 'n probleem. Om dit te oorkom organiseer produsente hulself in koöperasies, meestal in streeksverband. Politiek bly egter nie uit die besigheid nie en daar is blykbaar "lefties" en "righties" koöperasies. Verder vat dit ook nie lank om agter te kom dat daar baie "binne-politiek" ook voorkom nie. ......Déjà vu.........

Daar is 17 inmaak fabrieke in Griekeland. Drie van hierdie fabrieke word besit deur produsente koöperasies terwyl die ander 14 deur privaat families besit word. Die verskillende streekskoöperasies behou blokke aandele in die 3 koöperatiewe inmakers. In sekere gevalle werk die families en die koöperatiewe inmakers saam. Almal kla egter oor hul insetkoste wat in die laaste jaar verdubbel het en geweldige druk op kontantvloei plaas. Die Grieke het 'n baie lae binnelandse verbruik van inmaakvrugte en 99% word uitgevoer. Hulle erken egter dat hulle ook baie handelsvoordele geniet as deel van die EU.

Heelwat produsente het na Kiwi's en Kersies oorgeskakel om hul winsgewendheid te verbeter. Te veel produsente het egter agter hul buurman aan geplant met die gevolglike ooraanbod en pryse wat val. Nou is almal weer terug na taaipitperskes en die bedryf is skrikkerig vir wat hulle in 'n "aan" jaar met al die vrugte gaan doen.

Masedonië kry sowat 700 mm reënval per jaar met diep vrugbare gronde en is omring deur berge. Dit voel soos een groot besproeiingskema. Water is dus nie 'n probleem nie en heelwat produsente vloedbesproei. Nuwe tendense is wel dubbele drupperlyne met plantafstande van 3.5m X 2.5m om 'n hoër produksie per hektaar te behaal. Volgens die produsente maak hulle nog goeie geld teen 40 ton per hektaar. 'n Direkteur van een van die koöperasies sê hulle is selfs onder meer kontantvloei druk as die familie besighede. Hulle is nie gewoond aan die inflasie nie en energie is 'n groot bekommernis. Die koste knyptang begin nou knyp. Hulle bly egter optimities en vertel die produsente "*fairytales of hope*". Volgens hom is die Griekse produsent se leuse "*fight to live and die another day.........*"

Vir die komende jaar is die Grieke egter optimisties oor die mark. Die mark is nie so lewendig soos laas jaar nie maar omdat die Spaanse oes baie kleiner (tot helfte) is as die vorige jaar het hulle heelwat puree gemaak om aan hierdie tekort te voorsien. Verder voorsien hulle ook nie dat hulle probleme sal ervaar om hul ingemaakte produkte verkoop te kry nie.

**Kalifornië**

In Kalifornië is arbeid te min en besonder duur. Daar is ook 'n toenemende tekort aan water. Taaipitperskes word uitgetrek en op groot skaal met okkerneute vervang. Al die VSA se inmaakvrugte word egter binnelands verbruik en ten spyte daarvan is hulle steeds 'n netto invoerder van inmaakvrugte. Hul interne markte word goed verskans deur invoertariewe. Die verwagtinge is egter dat taaipitperske hektare binne die volgende paar jaar sal stabiliseer weens die dalende tendense in die pryse van okkerneute. Die twee grootste rolspelers in die VSA mark is China en Griekeland. Met die aggresiewe pryse waarmee die Chinese egter hierdie jaar die mark betree vermoed die Amerikaners sterk subsidiëring deur die Chinese regering.

**Argentinië**

Heelwat taaipitperske hektare word tans met wyndruiwe en kersies vervang. Meeste van hul vrugte word vir die puree mark geproduseer. Hulle het laas jaar goeie oeste met goeie pryse gehad. Daar is tans net 3 fabrieke oor, met gevolg dat die industrie tans fokus om onekonomiese boorde uit te trek.

**China**

In China se geval kry die produsente goeie regering ondersteuning. Die jaar word 'n normale oes verwag met voldoende vrugte vir die inmaak mark. Inmaakvrugte pryse was vanjaar 25% hoër as laas jaar. Die handelstariewe van die VSA en die geweldige hoë Ooste na Weste verskepingskostes is die grootste bedreiginge vir die winsgewendheid van die Chinese inmaak bedryf.

# THE TRENDS OF DECIDUOUS FRUIT EXPORTS FROM 2018 TO 2021: SHIFTING PATTERNS?

SOURCE: ITC TRADEMAP NOV 2022

**JILL ATWOOD-PALM: SOUTH AFRICAN FRUIT & VEGETABLE CANNERS ASSOCIATION (SAFVCA)**



Across the world, the biggest questions in business over the past 2 years has been ... "how has the covid-19 pandemic affected our business", "what shifts have we seen", "how do we claw back to previous levels" or "how do we continue to grow the unexpected new developments"?

These questions were no different in the processed deciduous fruit sector in South Africa - amongst growers and manufacturers alike. The statistics tell a story … as can be seen in the comparative 4 years from 2018 to 2021.

| Deciduous Fruit: Metric Tons | | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 |
|---|---|---|---|---|---|
| 2008.70 | Peaches | 41 339 | 45 274 | 38 219 | 37 135 |
| 2008.40 | Pears | 15 316 | 17 806 | 17 293 | 19 858 |
| 2008.97 | Fruit Cocktail | 12 970 | 12 722 | 11 251 | 12 128 |
| 2008.50 | Apricots | 11 604 | 9 880 | 6 316 | 9 301 |
| 2007.99 | Fruit Purees | 43 573 | 34 429 | 28 307 | 41 493 |
| **Total: Volume (Tons)** | | **81 229** | **85 682** | **73 079** | **78 422** |
| | | | | | |
| ***Total: Value (ZAR '000)*** | | ***1 922 306*** | ***2 027 790*** | ***2 098 979*** | ***2 206 691*** |

Looking at volumes, exports declined in volumes by approx. 3% in 2021 compared to the levels of 2018. As expected, the largest decline was experienced in 2020 due to the pandemic, slower uptake from customers and the limitations of the movement of goods at our ports and borders.

Whilst peaches and apricots declined in volumes, there was a positive upswing in the export of pears. In terms of value, exports increased from around R1,9 billion in 2018 to R2,2 billion in 2021 (an increase of 15% over the 4 year period).

| Top 10 Importing Countries | | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 |
|---|---|---|---|---|---|
| **1** | United States of America | 68 609 | 168 233 | 259 353 | 334 407 |
| **2** | Russia | 108 673 | 124 039 | 166 252 | 209 694 |
| **3** | Japan | 176 283 | 201 011 | 194 282 | 201 178 |
| **4** | Germany | 162 932 | 146 338 | 133 184 | 158 230 |
| **5** | Netherlands | 145 908 | 111 164 | 113 364 | 157 758 |
| **6** | United Kingdom | 124 000 | 228 030 | 248 969 | 145 715 |
| **7** | China | 162 116 | 209 786 | 100 248 | 135 988 |
| **8** | Canada | 68 359 | 83 554 | 106 528 | 93 247 |
| **9** | New Zealand | 78 747 | 82 413 | 90 174 | 72 761 |
| **10** | Australia | 130 714 | 64 574 | 67 492 | 63 876 |
| **Total: Value (ZAR '000)** | | **1 226 341** | **1 419 142** | **1 479 846** | **1 572 854** |

We currently export to over 80 countries but the top 10 importing countries account for around 70% of the value of the South African exports. Major shifts can be seen in the exports to the U.S (previously ranked no 10) with exports increasing nearly 4-fold. The same can be said for russia - almost doubling in value (mostly related to fruit purees). Japan, UK and Canada have also shown positive growth. However, previous growing markets like China and Australia have decreased.

| Geographic Spread | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 |
|---|---|---|---|---|
| Europe | 701 167 | 729 408 | 793 645 | 854 215 |
| Asia | 590 283 | 675 891 | 549 858 | 541 842 |
| Americas | 153 979 | 261 572 | 372 782 | 458 411 |
| Africa | 138 349 | 151 998 | 161 166 | 155 605 |
| Oceania | 211 383 | 149 412 | 159 988 | 137 021 |
| Middle East | 127 145 | 59 509 | 61 540 | 59 597 |
| **Total: Value (ZAR '000)** | **1 922 306** | **2 027 790** | **2 098 979** | **2 206 691** |

Turning to our geographic spread, it is interesting to note that over the past 2 years, Europe is approximately 39% in value of our export basket (up 3% in 2018), the americas (mostly the U.S.) is up by 13% - now making up 21% of the exports. Where Asia previously made up nearly a third of our exports, these have declined to 25% of our total worldwide exports.

Early indications of available statistics for 2022 show a positive upswing in some products and regions. Once verified, an update will be provided once assessed and analysed.

# HUIDIGE PRODUKSIE EN INSETKOSTES

RIHAN SAAYMAN (OABS)



Rihan Saayman

Hier onder is per hektaar begrotings van produksie en insetkostes vir die Inmaakvrugte bedryf in verskillende produksie areas. Die nuutste 2022 opgedateerde syfers is verkry uit begrotings en nie deur werklike fisiese opnames onder produsente nie. Die opgesomde syfers is wel met die hulp van groepe produsente in onderskeie areas getoets en bereken.

Die syfers in hierdie model en begrotings is net 'n riglyn en moet aangepas word met elke gebied en boer se plaas spesifieke unieke syfers. Let daarop dat die veranderlike koste plus die diverse uitgawes die totaal uitmaak.

Vir verdere navrae is die kontaknommer 087 095 2108.

**Die aannames wat gemaak is ten opsigte van die syfers hieronder is as volg:**

| | APPELKOSE | PERSKES Ceres | PERSKES Klein Karoo | PERE |
|---|---|---|---|---|
| **PRODUKSIE SONDER OPLEISTELSELS** | | | | |
| Verwagte Produksie (t/ha) Jaar 3 | 5 | 12 | 8 | - |
| Verwagte Produksie (t/ha) Jaar 4 | 15 | 25 | 22 | 10 |
| Verwagte Produksie (t/ha) Jaar 5 | 25 | 38 | 25 | 20 |
| Verwagte Produksie (t/ha) Jaar 6 | 28 | - | 30 | 40 |
| Verwagte Produksie (t/ha) Jaar 7+ | - | - | - | 55 |
| **GRADERINGS %** | | | | |
| Cull in boord | 8% | 10% | 10% | 10% |
| Eerste Graad | 94% | 94% | 94% | 94% |
| Tweede Graad | 5% | 4.0% | 4.0% | 4.0% |
| Ondergraad | 1% | 2% | 2% | 2% |

Om die onderste koste vergelyking ten volle te verstaan, is die uiteensetting van Voor-oeskoste en Oeskoste en Diverse uitgawes van belang:

**Voor-Oeskoste** = Skoonmaak voor hervestiging, plant materiaal, deklaag, grondvoorbereiding, dreinering, besproeiingstelsel – mikro's, bemesting, spoorelemente, onkruidbeheer, plaagbeheer, swambeheer, waterkoste, seisoenarbeid, brandstof, herstel en onderhoud en besproeiings elektrisiteit.

**Oeskoste** = Seisoenarbeid, brandstof, herstel en onderhoud.

**Diverse uitgawes** = Rente op bedryfskapitaal, permanente arbeidskoste, lisensies en versekering, depresiasie op masjinerie en toerusting, voorsiening van vervanging van boorde.

**<u>Koste vergelyking tussen 2017 en 2022 syfers:</u>**

| Produksie Koste - Rand per Hektaar 2017 vs 2022 | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Klein Karoo 2017 | Klein Karoo 2022 | Klein Karoo 2017 | Klein Karoo 2022 | Ceres 2017 | Ceres 2022 | Ceres 2017 | Ceres 2022 |
| Kostes | Appelkose | Appelkose | Perskes | Perskes | Pere | Pere | Perskes | Perskes |
| Toedeelbare Veranderlike koste | R 47,310 | R 88,203 | R 60,994 | R 110,280 | R 59,680 | R 91,394 | R 67,368 | R 104,247 |
| Voor-Oes Koste | R 38,624 | R 74,868 | R 55,682 | R 102,014 | R 46,118 | R 70,634 | R 48,211 | R 74,739 |
| Oes koste | R 8,686 | R 13,335 | R 5,313 | R 8,265 | R 13,562 | R 20,760 | R 19,158 | R 29,509 |
| Diverse uitgawes | R 42,382 | R 60,254 | R 43,539 | R 61,891 | R 38,849 | R 55,551 | R 39,206 | R 56,046 |
| **Totaal** | **R 89,692** | **R 148,458** | **R 104,533** | **R 172,171** | **R 98,529** | **R 146,945** | **R 106,574** | **R 160,294** |

| Produksie Koste items as % van Totale koste 2017 vs 2022 | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Klein Karoo 2017 | Klein Karoo 2022 | Klein Karoo 2017 | Klein Karoo 2022 | Ceres 2017 | Ceres 2022 | Ceres 2017 | Ceres 2022 |
| Kostes | Appelkose | Appelkose | Perskes | Perskes | Pere | Pere | Perskes | Perskes |
| **Toedeelbare Veranderlike koste** | **53%** | **59%** | **58%** | **64%** | **61%** | **62%** | **63%** | **65%** |
| ***Voor-Oes Koste*** | ***43%*** | ***50%*** | ***53%*** | ***59%*** | ***47%*** | ***48%*** | ***45%*** | ***47%*** |
| Bemesting | 2.5% | 7.2% | 2.9% | 8.6% | 3.6% | 6.9% | 3.6% | 7.0% |
| Spoorelemente | 2.4% | 3.7% | 1.9% | 3.5% | 0.4% | 0.3% | 0.1% | 0.2% |
| Onkruidbeheer | 0.8% | 1.4% | 0.7% | 1.2% | 0.8% | 1.5% | 0.5% | 0.9% |
| **Oes koste** | **9.7%** | **9.0%** | **5.1%** | **4.8%** | **13.8%** | **14.1%** | **18.0%** | **18.4%** |

Soos vanuit tabel bo is die drie items wat as persentasie van totale koste die meeste toegeneem het oor die afgelope 5 jaar:

- Bemesting
- Spoorelemente en
- Onkruidbeheer

OABS
Optimal Agricultural Business Systems

Die bydraende faktore hiertoe kan beslis ook toegeskryf word aan onder andere die logistieke ketting probleme asook die oorlog in Oekraïne en moenie die negatiewe impak van inflasie vergeet nie.

Dit was ook baie interessant om waar te neem dat arbeidskoste afgeneem het as 'n persentasie van totale koste oor die afgelope 5 jaar tydperk. Dit kan tweeledig wees as gevolg van die feit dat ander items se kostes drasties toegeneem het maar ook dat boere arbeid baie meer effektief bestuur het.

Ek sluit graag af met die volgende storie en vertrou dat dit ook vir julle as produsente ook van waarde sal wees.

Sheikh Rashid was once asked about the future of his country, he replied: "My grandfather rode a camel, my father rode a camel, I ride a Mercedes, my son rides a LandRover, and my grandson is going to ride a LandRover, but my great-grandson is going to have to ride a camel again."

“Why is that? And his reply was - ‘Hard times create strong men, strong men create easy times. Easy times create weak men, weak men create difficult times. Many will not understand it but you have to raise warriors, not parasites.'”

# OESPROJEKSIE VIR DIE 2022/2023 SEISOEN

JACQUES JORDAAN



Jacques Jordaan

Alle aanduidings is dat 2022/2023 weer 'n goeie produksie seisoen gaan wees. Hoewel die winter reënval minder was as die langtermyn gemiddelde, behoort daar voldoende bufferkapasiteit in die damme te wees om die oes deur te trek.

Ten spyte van min sneeu gedurende die winter, was daar genoeg winterkoue om aan bome se kouebehoeftes te voldoen. Warmer weer aan die einde van die winter het bygedra tot meer uitgerekte blomperiodes. Min rypskade is gerapporteer en hoewel hael plek, plek op die 16de Oktober voorgekom het behoort dit nie die oesgrootte of die kwaliteit van die oes te beïnvloed nie.

**Bulida Appelkose:**

Appelkose het vanjaar effens vroeër geblom. Die weer was egter gunstig gedurende blomtyd en alle bome sit vol appelkose. Almal is dit eens dat vrugset goed was en die getalle daar is. Vir Bulida appelkose is al die aanduidinge daar vir die derde agtereenvolgende goeie produksie seisoen. Dit is verblydend dat daar voldoende water in die Robertson en Klein-Karoo behoort te wees om die oes ryp te maak. Die enigste bron van kommer is appelkose se ouderdomsprofiel wat meer na die ouer kant toe neig. Vanjaar word die totale Bulida appelkoos oes op 29 242 ton geraam. Hoewel daar voldoende vrugte op die bome sit, is die uitdaging nou om voldoende grootte en gewig te kry.

| **OESSKATTING: BULIDA APPELKOSE** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Finaal 2018/2019** | **Finaal 2019/2020** | **Finaal 2020/2021** | **Finaal 2021/2022** | **Projeksie 2022/2023** |
| Ingemaak | 13 738 | 8 883 | 20 467 | 14 148 | 14 686 |
| Sap & Puree | 8 824 | 3859 | 8 339 | 15 970 | 13 556 |
| **Sub-Totaal** | **22 562** | **12742** | **28 806** | **30 118** | **28 242** |
| Vars & Droog (projeksie) | 1 950 | 1 100 | 1 100 | 1 100 | 1 000 |
| **TOTAAL** | **24 512** | **13 842** | **29 906** | **31 218** | **29 242** |

Die tonne is soortgelyk aan die 29 906 ton van twee jaar terug. Laas jaar was die totale tonne opgestoot a.g.v. vars en droog appelkoos kultivars wat as puree gelewer is. Behalwe vir kompeterende puree pryse was daar ook laas jaar geweldige logistieke- en mark uitdagings met vars- en droog appelkose.

**Perskes:**

Met die onsekerheid in die inmaakbedryf is daar heelwat hektare perskes uitgekap. Hierdie tendens kom al 'n paar jaar voor en ten spyte daarvan bly die produksie konstant. Alle aanduiding is dat die komende seisoen weer goeie produksies gaan lewer. Die blomperiode was 'n bietjie uitgerek maar met voldoende vrugte aan die bome kan produsente die vrugte uitdun na hul produksie mikpunte. Met die verhogings in arbeidskostes oor die laaste paar jaar maak produsente hulself egter reg vir hoë uitdun kostes. Perskes se ouderdomsprofiel lyk beter as appelkose en alles dui op 'n vierde goeie produksie seisoen in 'n ry.

| **OESSKATTING: TAAIPITPERSKES** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Finaal 2018/2019** | **Finaal 2019/2020** | **Finaal 2020/2021** | **Finaal 2021/2022** | **Projeksie 2022/2023** |
| Ingemaak | 74 636 | 80 896 | 81 400 | 81 011 | 76 802 |
| Sap & Puree | 19 570 | 29 357 | 21 236 | 30 563 | 28 975 |
| **Sub-Totaal** | **94 206** | **110 253** | **102 636** | **111 574** | **105 777** |
| Vars & Droog (projeksie) | 41 000 | 45 000 | 48 000 | 48 000 | 48 000 |
| **TOTAAL** | **135 206** | **155 253** | **150 636** | **159 574** | **153 777** |

Ceres produsente is wel bekommerd of hulle genoeg water sal hê om die laat kultivars deur te trek. Almal is egter optimisties vir 'n goeie oes. Die totale taaipitperskes volume word vanjaar op 153 777 ton geskat. Laas jaar se syfers is as basis gebruik vir die verdeling na inmaak en puree.

**Bon Chretien Pere:**

Verlede jaar het gebiede in Ceres ryp gehad gedurende blomtyd wat die oes negatief beïnvloed het. Vanjaar het dit nie voorgekom nie. Die Early BC pere sit vol vrugte en dit behoort 'n goeie oes te wees. Dit is nog te vroeg om voorspellings vir gewone BC pere te waag maar kernvrugte lyk oor die algemeen goed. In sekere areas lyk dit asof die bome 5-10% ligter dra as verlede jaar. Die grootste uitdaging in die Ceres areas is of daar genoeg water gaan wees aan die einde van die seisoen om die oeste ryp te maak. Vanjaar was die sneeu min en reënval heelwat minder as die lang-termyn gemiddelde. Die totale BC peer oes word op 96 404 ton geraam. Verdere verdeling word op historiese syfers gebaseer.

| **OESSKATTING: BON CHRETIEN PERE** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Finaal 2018/2019** | **Finaal 2019/2020** | **Finaal 2020/2021** | **Finaal 2021/2022** | **Projeksie 2022/2023** |
| Ingemaak | 35 862 | 36 262 | 37 672 | 43 888 | 39 483 |
| Sap & Puree | 15 589 | 15 626 | 15 279 | 18 809 | 16 921 |
| **Sub-Totaal** | **51 451** | **51 888** | **52 951** | **62 697** | **56 404** |
| Vars & Droog (projeksie) | 37 000 | 40 000 | 40 000 | 40 000 | 40 000 |
| **TOTAAL** | **88 451** | **91 888** | **92 951** | **102 697** | **96 404** |

Die peer produsente is versigtig vir die seisoen wat kom weens die vorige seisoen se reuse logistieke uitdagings en sluiting van die Russiese mark.

Die inmaakvrugte bedryf sien uit na goeie produksies en vertrou dat die weer en markte sal saamspeel om Suid-Afrika se spesiale kwaliteit vrugte aan die verbruiker te voorsien.

# ‘N TOEGEWYDE DIENAAR VAN DIE VRUGTEBEDRYF SKAAL AF

DAPPIE SMIT



Pedro-Pablo Dias (Chile), Chris Krone, Dappie en Donn Zea (VSA) tydens ‘n Pruimedant kongres in 2019 waar Chris as die President van die Internasionale Vereniging opgetree het.

Dit is maklik en ook ’n voorreg om te sê hoe ek Chris Krone in sy betrokkenheid by die georganiseerde landbou ervaar het. Hy was altyd berekend, stiptelik en het sy beste voluit gegee. Hy het altyd vêr vooruit gedink en alle moontlike en onmoontlike faktore in ag geneem. Chris is ’n goeie luisterraar wat baie menings in ag kan neem voordat hy sy beslissing maak. As ’n verteenwoordiger het hy altyd sy bedrywe gerespekteer en gedien. Hy sou nooit ’n forum bywoon sonder om ’n geskrewe opsomming of verslag met aanbevelings in te dien nie. Sy optrede en hantering van die vertroue wat deur andere in hom gestel word is ’n voorbeeld vir talle openbare verteenwoordigers.

**C. J. T. ( Chris Krone)** het gematrikuleer aan Bishops Hoërskool in Kaapstad, waarheen sy pa hom gestuur het om Engels te leer. Na skool het hy ’n graad in ekonomie aan Stellenbosch Universiteit behaal. Aangesien sy pa, Francis Krone, wat Voorsitter was van die Inmaakvrugteraad, aangestel is as voorsitter van die destydse Bemarkingsraad moes hy reeds baie vroeg toetree tot die boerdery. Chris is kort nadat hy in 1977 begin boer het, op die familieplaas Wavern, op die Droëvrugteraad benoem. Hier het sy diens aan georganiseerde landbou reeds begin en nooit gestop nie. Hy het op bykans alle forums, komitees, rade en besture in die droëvrugte bedryf gedien. Ook in die likwidasiekomitee met die uitfasering van die Bemarkingsrade en die instelling van die nuwe Bemarkingswet (Wet no 47 van 1996).

Chris Krone het geweet wat ’n goeie organisasie en struktuur vir ’n bedryf beteken en was daarom die argitek van die nuwe struktuur, Droëvrugte Tegniese Dienste wat hom toegespits het op navorsing, versameling van inligting en veral ontwikkeling en bemagtiging in die Droëvrugte- en ook breër Vrugtebedrywe.

Hy het daarom ook in 1997 die Droëvrugte bedryf se verteenwoordiger in Agri Weskaap geword en sedert 2009 verteenwoordig hy al die vrugtebedrywe in die direksie van Agri Weskaap. By Agri

Weskaap het hy met groot onderskeiding gedien veral as Voorsitter van die bedryfskamer sedert 2012, en direkteur van AWK.

Waar Chris ook al betrokke is, gee hy alles voluit en so het hy ook as Suid-Afrika se verteenwoordiger in die internasionale Pruimedante vereniging gedien, waarvan hy ook drie termyne die President was.



Chris is 'n absoluut betroubare en toegewyde verteenwoordiger wat die landbou en die vrugtebedrywe voluit en met oorgawe dien.

Sy lojaliteit teenoor die bedrywe wat hy verteenwoordig kan nooit betwyfel word nie en slegs sy vrou Erna, wat hom in alles bystaan en sy kinders sal moontlik voorkeur geniet.

*************************************************************************************

# THE CULDEVCO REJUVENATION

MISHKAAT ANDERSON

*There is a wonderful new energy in the corridors and offices of Culdevco in Fleurbaix, Stellenbosch, the marketing and licencing company for the South African deciduous fruit industry varieties.*



Mishkaat Anderson appointed as general manager

After 14 years at Culdevco, Leon von Mollendorff is retiring as general manager, handing over the reins to Mishkaat Anderson in November this year. This happens virtually in sync with the formation of Cultipowered, the transformation partner of Culdevco. Exciting times, indeed.

Mishkaat is a true Bolander having been born in, and living some years in Wellington, before relocating to Paarl where she matriculated at La Rochelle Girl's High School and then moving on to Stellenbosch University where she obtained a BSc degree. She also holds a postgrad in industrial engineering, and various auditing courses.

Mishkaat has 15 years' managerial experience in a variety of fields, including wine, plastic manufacturing, clothing, construction and chocolates.

“Although, I have years of operational management in factories, I’ve always wanted to work in the food industry.” Mishkaat says. “I’ve applied in April and had my final interview in July. During all that time I didn’t look at, never mind applied for, any other job, I was so sure this was for me. So there I was in the final interview, conducted by seven men. Could’ve been intimidating, but they are gentlemen. And I knocked their socks off!” she laughs. One cannot help liking Mishkaat instinctively. She is a feel-good kind of person with a bubbly laugh, a sense of humour and bright eyes, missing nothing.

Although Mishkaat has worked in a broad spectrum of industries, she will remind you that she holds a BSc degree and her first job ever was being a micro biologist. She wanted this position specifically because it revolves exclusively around fruit. “Just look at it: one single fruit can give so much joy to one person and in this job, I will be part of the production of that joy, multiplied many times over. Being part of something for the greater good is a great motivator for me,” she explains. She adds that she knows she and her family can relocate to one of many other places in the world but, “even with load shedding and all the other things, we’re staying! Because we can make a difference.”

Mishkaat says she has been very fortunate all her life with a great support system and want to help those who might not have had the same securities she has had, to be uplifted to a better quality of life. Therefore, Cultipowered, the new empowerment initiative at Culdevco is music to her ears. “Transformation is imperative. Non-negotiable.

The question is how to do it right. Cultipowered is a bold move and not a structure allowing for transforming for the sake of transformation. It’s all about getting the right people in the right places. I’m a firm believer of that,” she adds.

“I’m passionate in everything I do and love interacting with people. One needs to cultivate respect in everything one does. It’s one of the most important pillars for all relationships.”



Mishkaat Anderson

“Just look at it: one single fruit can give so much joy to one person and in this job, I will be part of the production of that joy ...”

Outside long working hours, Mishkaat is also a happy wife, mother of two and an active exerciser, enjoying a well-balanced life. “I love the good things, like a great seaside holiday, good food and wine. Remember I’m a Bolander!

“I always say enjoy life fully, otherwise what else do you have?”

# HOE MAAK ONS BESIGHEID SIN UIT AL DIE VERWARRENDE PERSPEKTIEWE EN VERONTRUSTENDE REALITEITE?

DEIDRE EIGELAAR



Deidre Eigelaar

Die intrede na die 2022/23 vrugte seisoen, het na die perfekte storm en finansieel uitdagende jaar van 2021/22, alle belanghebbers in die ketting bewerig gelaat. Die toekoms voel soms na *Alvin Toffler* se *Future-Shock*.

Werklike sistemiese ineenstorting van kragvoorsiening, riolering, drinkwater, posdienste, spoorweë, hawens, die kriminele regstelsel, nasionale kredietwaardigheid en die faksies binne die regerende party, wink op die horison. Suid-Afrika helikopter tussen hopeloos en hoopvol.

Die werklikheid lê tussen die weergee van realiteite soos voorgehou deur Roelof Botha en JP Landman in die een hoek en Magnus Heystek en mense soos KW Miller in die ander, met Dawie Roodt so êrens tussen-in.

Hoe maak ons besigheid sin uit al die verwarrende perspektiewe en verontrustende realiteite?

Die realiteit van sistemiese ineenstorting het sigbare effekte in dit wat Anthony Turton op Facebook plaas die 27ste Oktober 2022: ontwrigting van voorsiening kettings; eksponensiële afname in die vermoë om nasionaal werk te skep; ekonomiese onstabiliteit; belegger vertroue wat dramaties afneem en die netto uitvloei van direkte kapitale beleggings. Hoe dieper die sistemiese ineenstorting, hoe minder raak die weerstandigheid en die veerkragtigheid om terug te bons na sisteem skokke en die sisteem se kapasiteit tot herstel verlaag.



Voorbeelde van sisteem skokke is die staking van Transnet en staatsamptenare, stedelike water tekorte, sekuriteit vir die burgery en besighede wat taan, sporadiese mini-rewolusies van armes, publieke vervoer wat faal, riskante klimaat insidente, energie uitdagings, ensomeer. Soos Turton dit stel – "Die regering is aan bewind, maar nie in beheer nie". Nie ligte musiek nie.

Heel raak gevat, meld Steph Bos dat Suid-Afrikaners is "fok-op fit". Ons is. Maar dit is ook so dat die meeste "f-ops" in die land, deur Suid-Afrikaners se eie toedoen veroorsaak word.

Nie per ongeluk nie, maar deur onverskilligheid. Omdat ons te "f-op fit" is, word die sistemiese ineenstortings gemasker deur die vermoë om met net nog 'n nuwe regstellende plan vorendag te kom. Daardeur word die regering en individue nie aanspreeklik gehou nie en bly baie onwrikbaar en ironies glo in politikasters se beloftes. En helaas maak hul net nooit dit wat regtig stukkend is, heel nie. Die sistemiese mislukkings word deurentyd deur Suid-Afrikaners se aanpasbaarheid gefnuik.

Met die lees van Annemarié van Niekerk se boek *Om het hart terug te brengen – een memoir – liefde en geweld in Suid-Afrika*, word ek opnuut weer bewus van hoe stukkend gemeenskappe in Suid-Afrika oor die langtermyn was en is. Vir so lank en so intens is ons besig om teen mekaar oorlog te maak, dat ons nie meer weet hoe om

funksioneel te wees nie. Die agente van die oorlog is individue, gemeenskappe, politici, georganiseerde misdaad, rasse, en perspektiewe op die onderskeie geskiedenisse. So werk die land in ʼn onheilige alliansie om die waardevolle bates wat oor generasies met bloedsweet en soms tereg ook net vir een rasgroep opgebou is, te vernietig. Met min kapasiteit om die bates te vervang, is dit `n geval van "cut your nose, to spite your face"-scenario, maar ontkenning oor die psigiese trauma van die verlede baat ook nie.

Wat vuur die sinnelose bose sinergie aan? *Future Affairs* is `n onderdeel van die Nederlandse *NRC*-koerant en bied ʼn blik by die e-pos nuusbrief aan oor Epigenetika, gedateer 15 Oktober 2022. Daarin is ʼn besonderse artikel oor die vererwing van trauma. Wars and Psychology: a Critical Perspective, deur ʼn kliniese sielkundige Carl D.H. Steinmetz en bied diepe insig. *Future Affairs* kan op LinkedIn gevolg word, en is aan te beveel. In kort blyk dit dat trauma generatief vererf word en bepalend is tot gedrag wat destruktief kan wees. Met gedagte aan die wreedaardige oorloë van Shaka Zulu, die Suid-Afrikaanse oorlog, die Oorlog van die vernietiging van menswaardigheid, by name Apartheid, die Grensoorlog en nou die oorlog wat steeds woed, die Ekonomiese Oorlog van Staatskaping, is Suid-Afrika een van die mees langtermyn getraumatiseerde bevolkings ter wêreld.

Helaas verskoon die trauma nie persoonlike en institusionele aanspreeklikheid nie – eerbaarheid, eerlikheid en burgerlike verantwoordbaarheid bly on-onderhandelde waardes vir vooruitgang.

Maar soos Johan Willemse is sy artikel van 31 Oktober meld – "dit is te laat om nou te wil skrik – as jy wil skrik moet jy eerste skrik". In `n ontstellende artikel vertel die landbou-ekonoom pront-uit wat op die SA landbou te wagte is – nie ligte musiek nie - ʼn swaar tragiese opera. Die globale makro-ekonomiese geo-politieke storm gaan vererger; die energie krisis gaan handel, geldmarkte en diplomatieke verhoudinge herrangskik; inflasie druk lewenskostes in stygende siklusse in en inter-nasionale vraag patrone verander; internasionaal is ekonomiese groei onder druk en gaan (en word reeds) landbou-uitvoermarkte geraak word hierdeur; staatskuld is uit beheer in meeste lande, veral ook Suid-Afrika; rentekoerse styg en aandeelpryse het gemiddeld al met 20% gedaal, wat pensioenfondse onder druk plaas en mense verarm en ten slotte voorsien hy plaaslik dat krag tekorte gaan vererger; die regering gaan nie dienslewering beloftes gestand doen nie en water tekorte gaan aan die orde van die dag wees. Hy sluit die artikel af deur te sê dat die sake omgewing verander drasties en tendense soos genoem kan versnel. Die groot vraag is om te bepaal hoe ondernemings kan herposisioneer in so ʼn veranderde en uitdagende omgewing.



Meeste van die aspekte wat direk op ondernemings ʼn impak het, is buite die plaashek aangeleenthede. Die aanslag is egter direk en die ekonomiese gevolge verreikend. Volgens die artikel in Die Burger van 31 Oktober 2022, het nasionale sitrus inkomste in die huidige jaar met 30% gedaal. En die vraag wat die wat met die Toekoms hulself besig is – "so what"?


Die eerste "so what" is om dit wat jou kern-bedryf is, met fokus en teen 'n wêreldklas standaard te doen, so goed moontlik met 'n ingesteldheid van innovering en oorlewing.

Tweedens behoort die omgewing waarin besigheid bedryf word, gestabiliseer word, presies soos na 'n dramatiese ongeluk. Die ou Landelike Stigting, sonder die Apartheid bagasie, kom weer in gedagte met die *Waag Futurelab* wat my verbeelding aangryp. Dit is 'n instansie wat nuwe toekoms moontlikhede bedink deur die toekoms as 'n werkwoord te benader (en nie die selfstandige naamwoord nie), met die uitgangspunt dat die toekoms nie 'n gegewe is nie, maar aktief geskep word deur mense en ontwerpte beginsels. Na die lees van die verslag waar die leser uitgedaag word om te dink oor die opsie om Planeet B opnuut in te rig deur nuwe strukture, word 'n nuwe siening aangebied om die taalarmoede oor die toekoms met nuwe woorde en konsepte aan te durf. *Future-Shock* word uitgedaag omdat die toekoms helaas nie meer na die hede of die verlede lyk nie. Die toekoms se veranderings is te omvattend en eksponensieel. Suid-Afrika dan ook intens so en voel die burgery magteloos en verlamd.

Die nuwe konsep "futuring" om die verlamming en magteloosheid teen te werk word deur tegnologie gesteun in onder andere in "opensource" platforms. Instansies soos *Fablabs* en *WikiHouse* is voorbeelde van die toekoms "makersbeweging" met die potensiaal van omvorming van die bestaande sisteme. Laasgenoemde is tans 'n wêreld fenomeen, veral in die energie-, behuising-, veiligheid-, voedsel-, tegnologie-, sorg- en finansiële sisteme. Die sleutelwoord is lokaal, geworteld in een plek en spreidend, op die metode van 'n grondbedekker plant. Burger-wetenskap is die nuwe kollektiewe en gemeenskap-bou benadering ten opsigte van ekologiese en sosiale vraagstukke wat op `'n mikro-makro metode met beide data-infrastruktuur en politieke-bestuur strukture ingesluit. Dit is 'n minder mens gerigte (antroposentriese) benadering, een waar die mens en die natuur gelyke waarde het.


Die mens as lokaal geanker in werklikhede, met die geskiedenis as 'n verwysingspunt. Die fokus en die visie is die maak en vorm van 'n nuwe toekoms met plaaslike kwaliteite, -waardes, -betrokkenheid en -intervensies. In die artikel verwys die skrywer, Michiel Schwarz na sewe ontwerp beginsels, nie as oplossings nie, maar as vertrekpunte. Werklik die moeite werd om notisie hiervan te neem en wonder ek of die Vrugtebedryf nie weer by die Adenauer Stigting kan aanklop sodat ons 'n nuwe konstruktiewe manier die toekoms kan begin vorm nie. Die sewe beginsels kan gelees word in die essay.


Dit klink teoreties, maar in prinsiep is hierdie die beginsels waarmee onder andere, Barend la Grange, Ruben Richards en Tim Abba in Suid-Afrika reeds aktief en met enorme sukses besig is. As Suid-Afrikaners net desperaat genoeg is, sal ons dalk genesing van ons trauma kan vind en sin maak van al die drama in Suid-Afrika. Deur te beweeg van "toekomst-schock naar toekomst-maken". Dit op die tema van die "Toekomst is een werkwoord" waar gemeenskappe beheer neem oor hul eie heil.




Waardes waarop 'n duursame (sustainable) toekoms ontwerp word – **onse toekoms** met soveel potensiaal, saam in een bootjie, hier aan die suidpunt van Afrika – in ag genome ons epigenetika om mekaar sagter aan te kyk, gewortel in die beginsel van lokalisering (keep it local) om op grondvlak die probleme krities en eerlik te bekyk en mekaar in alles medeaanspreeklik te hou vir die bou van die toekoms vir die nageslag.

Die pogings dan ten spyte van die politici, ten spyte van die nypende tekort aan leierskap en ter wille van 'n her-posisionering van ondernemings. Juis omdat dit heel waarskynlik al manier is om sin te maak en te oorleef in hierdie tyd van verwarring en uitdaging. En veral omdat "fok-op fit" nie 'n langtermyn volhoubare strategie is nie.




Met erkenning aan Toekomst is een werkwoord van Michiel Schwarz, Anthony Turton en Johan Willemse.

……………………………………………………………………………………

**NUUSBRIEF uitgegee deur die**
**INMAAKVRUGTE PRODUSENTE VERENIGING**
Hoofstraat 258
Posbus 414, PAARL 7620
TELEFOON: 021-8721401
FAKSIMILEE: 021-8722675
E-pos: inmaak@cfpa.co.za

**NEWSLETTER issued by the**
**CANNING FRUIT PRODUCERS' ASSOCIATION**
258 Main Street
P O Box 414, PAARL 7620
TELEPHONE: 021-8721401
FAX: 021-8722675
Web page: www.canningfruit.co.za

**REDAKTEUR / EDITOR: JACQUES JORDAAN**
Reproduction of articles from this Newsletter to acknowledge DIE KRAT and author.